education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2005

**GESKIEDENIS V1**

**HOËR GRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2005**

**Punte: 200**

**3 Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n ADDENDUM van 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word.

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES (6) opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE (3) brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. MOENIE TWEE (2) opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.

5. Jy word toegelaat om EEN (1) opstelvraag en EEN (1) brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.

6. Beantwoord VIER (4) vrae.

    6.1 Minstens EEN (1) moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees.

    **6.2 JY MOET MINSTENS EEN (1) VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: DIE PERIODE 1948 TOT 1976 (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Skryf duidelik en leesbaar

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag en nie meer as DRIE (3) vrae uit hierdie afdeling nie.

## VRAAG 1: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 1A

Assesseer die rol wat Generaal JBM Hertzog gespeel het in Suid-Afrika se strewe na soewereine onafhanklikheid vanaf 1926 tot 1934. **[50]**

**OF**

### VRAAG 1B

Dit was oorgerustheid in die Verenigde Party se leierskorps na die oorwinning in die 1943 algemene verkiesing wat die nederlaag in die 1948 algemene verkiesing so 'n skok gemaak het.

Bespreek die geldigheid van die stelling krities. **[50]**

## VRAAG 2: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

### VRAAG 2A

'Die reeks van passiewe versetveldtogte, alhoewel dit nie suksesvol in die omverwerping van die apartheid regime was nie, was inderdaad 'n groot splinter (verswakking) van die apartheid graniet (soliede rots).'

Evalueer die stelling in die lig van die bewyse tussen 1948 en 1958. **[50]**

**OF**

**VRAAG 2B**

Die tyd in die lewe van enige nasie breek aan wanneer daar slegs twee keuses oor bly - oorgawe of veg. Ons sal nie oorgee nie en het geen ander keuse as om met alles terug te slaan nie.
(*Verklaring deur Umkhonto we Sizwe*, 16 Desember 1961)

Analiseer die stelling in die lig van die stryd teen die apartheidsregering in die periode 1960 tot 1976. **[50]**

**VRAAG 3: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 3A**

Ondersoek die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse vakbondbewegings gedurende die 1980's in die stryd vir werkerbevryding, krities. **[50]**

**OF**

**VRAAG 3B**

Die weg na demokrasie in Suid-Afrika tussen 1989 en 1994 was 'n periode van verwagtinge en onsekerhede.

Stem jy saam met die stelling? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. **[50]**

**AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in 'n ADDENDUM.

**VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

**4.1 HOE BETEKENISVOL WAS DIE HERDENKING VAN DIE 'GROOT TREK' IN 1938?**

Gebruik Bronne 4A en 4B om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Gebruik Bron 4A, verduidelik waarom die Afrikaners in 1938 die eeufeesvieringe gehou het om die 'Groot Trek' te herdenk. (3 x 2) (6)

4.1.2 Selekteer relevante bewyse uit Bron 4A wat die impak van die eeufeesvieringe op die Afrikaners beklemtoon het. (4 x 1) (4)

4.1.3 Verwys na Bron 4B.

a) Wat, dink jy, was die doel van die fotograaf met die neem van die foto? (3 x 2) (6)

b) Gebruik inligting uit die bron, verduidelik waarom sekere mense nie toegelaat is om aan die gebeurtenis deel te neem nie. (2 x 2) (4)

4.1.4 Gebruik jou eie kennis en bewyse uit die bronne, en sê of die herdenking van die gebeurtenis relevant in die demokratiese Suid-Afrika (na 1994) sou wees. (8)

(28)

4.2 **WAT WAS DIE IMPAK VAN VERSTEDELIKING OP SWART SUID-AFRIKANERS GEDURENDE DIE 1940's?**

Gebruik Bron 4C om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Bestudeer Bron 4C en verduidelik waarom jy dink dat die mense gedwing was om tydelike (opslaan) huise (krotbuurtes) in die 1940's op te rig? (4 x 1) (4)

4.2.2 Met verwysing na Bron 4C verduidelik waarom die omstandighede waaronder die mense geleef het, nie die werk wat hulle verrig het, beïnvloed het nie. (3 x 2) (6)

4.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van sowat 15 reëls oor hoe mense se lewenskwaliteit (menseregte) ingeboet was deur in die 'Krotbuurt' te woon. (12)

(22)

**[50]**

## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 WAAROM WAS DIE VRYHEIDSMANIFES (1955) BESKOU AS DIE STEM VAN DIE MENSE?

Gebruik Bronne 5A, 5B en 5C om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Gebruik Stellings 1 en 2 in Bron 5A en verduidelik wat die doel (soos gestel deur Prof. ZK Matthews) van die 'Congress of the People' se vergadering was. (5 x 1) (5)

5.1.2 Met verwysing na Stellings 1, 2 en 3 in Bron 5A, hoe het Prof. ZK Matthews en Hoofman (Inkosi) Albert Luthuli verskil in hul siening van die verteenwoordiging van afgevaardigdes na die 'Congress of the People'? (2 x 2) (4)

5.1.3 Gebruik die inligting uit die Bronne 5A en 5B. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 5B die stellings van Matthews en Luthuli in Bron 5A ondersteun. (3 x 2) (6)

5.1.4 Verwys na Bron 5C. Verduidelik die toepaslikheid van die term 'Mense' (People) in die Vryheidsmanifes. (3 x 2) (6)

5.1.5 Gebruik Bron 5C. Verduidelik wat bedoel word met die frase '…beroof…deur 'n vorm van regering wat gefundeer is op onregverdigheid en ongelykheid…' in die voorwoord van die Vryheidsmanifes. (2 x 3) (6)

5.1.6 Verwys na die bewyse in alle bronne. Verduidelik hoe die apartheidsregering reageer het op die publikasie van die Vryheidsmanifes. (4 x 2) (8)

5.1.7 Dit is die vyftigste herdenking van die VRYHEIDSMANIFES. Gebruik die inligting uit alle bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van sowat 20 reëls waarin jy verduidelik waarom die Vryheidsmanifes beskou is as 'n dokument wat die wil van die mense (rewolusionêr) verteenwoordig het. (15)

**[50]**

**VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

6.1 **WAAROM IS GESPREKVOERING MET NELSON MANDELA AS 'N PRIORITEIT IN DIE 1980's BESKOU?**

Bestudeer Bronne 6A, 6B en 6C om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

a) Wat sê Bron 6A oor PW Botha se houding oor 'Gesprekvoering met Mandela'? (2 x 2) (4)

b) Lewer kommentaar oor die akkuraatheid van die spotprettekenaar se voorstelling van Botha. (2 x 2) (4)

c) Waarom, dink jy, het die Statebond-Afvaardiging (Eminent Persons Group) 'Gesprekvoering met Mandela' as van primêre belang beskou? (3 x 2) (6)

6.1.2 Verwys na Bron 6B.

a) Waarom het Mandela die voorwaardelike vrylating wat Botha hom in 1985 gebied het, verwerp? (4 x 1) (4)

b) Waarom, dink jy, was Mandela verbaas oor die voorwaardes wat die regering aan hom wou oplê? (2 x 2) (4)

c) Verduidelik die belangrikheid van die verklaring: 'Ek stel my vryheid op prys … maar ek gee meer om vir jul vryheid.' (2 x 2) (4)

d) Hoe het Botha se begrip van vryheid van dié van Mandela verskil? (2 x 2) (4)
(30)

**6.2 WATTER IMPAK HET DIE SLUIPMOORD VAN CHRIS HANI OP DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK IN DIE 1990's GEHAD?**

Bestudeer Bronne 6C en 6D om die volgende vrae te beantwoord:

6.2.1 Gebruik Bron 6C.

a) Wat het Mandela impliseer toe hy sê 'die misdaad teenoor Chris Hani is 'n misdaad teen die hele bevolking'? (2)

b) Wat was Mandela se versoek (boodskap) aan alle Suid-Afrikaners in sy toespraak soos gebeeldsend aan die nasie? (2 x 2) (4)

6.2.2 Bestudeer Bron 6D en verduidelik of Neville Alexander se stelling dat die regering betrokke was in die moord van Chris Hani, geregverdig kan word. (3 x 2) (6)

6.2.3 Met verwysing na die relevante bronne, skryf 'n paragraaf van sowat 10 reëls oor die dood van Chris Hani, waarin aangedui word of dit 'n poging van regse organisasies was om die onderhandelingsproses te ontspoor. (8)

(20)

**[50]**

**GROOTTOTAAL: 200**

---oooOooo---

*Kopiereg voorbehou*

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GESKIEDENIS V1

# HG

# ADDENDUM

# OKTOBER/NOVEMBER 2005

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE BETEKENISVOL WAS DIE HERDENKING VAN DIE 'GROOT TREK' IN 1938?

**BRON 4A**

Hierdie is 'n uittreksel (vertaling) uit *Turning Points in History Book 4* onder die redaksie van Bill Nasson. Dit verwys na die aard van Afrikaner-nasionalisme en -identiteit in die 1930's.


Die beklemtoning van geskiedenis is 'n opvallende kenmerk van die manier waarop Afrikaner-nasionalisme gevorm is…

Van besondere betekenis in die vorming van Afrikaner-identiteit gedurende die 1930's was die eeufeesvieringe van die Groot Trek in 1938. Die Groot Trek, wat 'n glorieryke posisie in die Afrikaner se geskiedenis ingeneem het, is herdenk deur nege ossewaens wat stadig gereis het vanaf Kaapstad na die noorde. Dit blyk toe 'n ongeëwenaarde kulturele en politieke teater te wees - koorsagtige skares geklee in klere wat uit die Voortrekkerperiode dateer, het die prosessie verwelkom soos dit dorpe en stede genader het. Strate is hernoem na Voortrekkerhelde; mans en vrouens is tot trane beweeg deur die spektakel; jongmense het langs die voertuie getrou; paartjies het hul kinders in die skadu van die waens gedoop (baie babas is name wat uit die Groot Trek gekom het, soos *Eeufesia* en *Kakebeenwania,* gegee). Al was die 'tweede Trek' versigtig beplan, was die organiseerders ook verras deur die oorweldigende reaksie op die gebeurtenis.

Die simboliese trek was gelykstaande aan die ekonomiese trek van die Afrikanerdom uit 'n vernietigende depressie, wat groot getalle armblankes gemaak het. Vir vele vorige plattelandse Afrikaners wat hulself nou in 'n stedelike omgewing bevind het, het die Eeufeestrek, wat simbolies in 'n ideale en heroïese landelike verlede gevestig was,'n sterk uitdrukking geword van 'n strewe na 'n beter, meer vooruitstrewende toekoms en 'n nostalgie vir 'n vinnig-kwynende landelike sosiale orde. In die middelpunt van die 1938-feesvieringe was die persepsie dat Afrikaners vreemdelinge in hul eie land is, slagoffers van die Brits-gevestigde kapitalisme en 'n volksvreemde politieke kultuur, en dat die oplossing gelê het in verenigde ekonomiese, politiese en kulturele aksie. Inderdaad, so gebroke as wat die Afrikanerdom in terme van klas was, het die 1938-feesvieringe as 'n kragtige opbouende agent gedien. Hulle verteenwoordig 'n ware unieke oomblik van klaslose etniese mobilisasie. In die vieringe en die oproep van heroïese stryde van hul voorvaders, het Afrikaners hulself as 'n weerspieëling van hul geskiedenis gesien. Hulle het daaruit inspirasie geput vir oorlewing en die toekoms…

**BRON 4B**

Duisende groet die trekwaens, op pad af in Prichardstraat, Johannesburg, in Desember 1938. (Neem kennis van die swartes op die voorgrond.) Die eeufeesvieringe van die Boeretrek het saamgeval met 'n tydperk toe duisende Afrikaners vanaf die plattelandse gebiede na die stede verhuis het. As 'n romantiese rekonstruksie van 'n dapper en onafhanklike verlede, het 'Die Groot Trek' 'n tere snaar in vele geroer wat onder andere gesukkel het om te oorleef in die stad, en het gehelp om die Afrikaner-nasionalistiese beweging te bevorder.



## 4.2 WAT WAS DIE IMPAK VAN VERSTEDELIKING OP SWART SUID-AFRIKANERS GEDURENDE DIE 1940's?

### BRON 4C


Hierdie is 'n artikel, met die titel, 'Huise uit Goiing' wat in die plaaslike koerant, *Umteteli wa Bantu*, op 8 April 1944 gepubliseer is.

Die huise uit goiing [saklap] is sy-aan-sy gerangskik, met geen afbakeningslyne. Dit is 'n groot familie (gesin) wat verenig is deur 'n sterk wil om hul stryd tot die einde toe deur te sien.

Hier, op die lappie grond, te midde van die geluid van knersende (malende) treinwiele wat duisende swart werkers na die stad toe vervoer, is 'n nedersetting 'n paar myl daarvandaan waar die lewe totaal anders is. Water word geskep uit die nabygeleë stroom; die sanitêre reëlings is baie primitief; geen privaatheid nie, alles is gemeenskaplik. Aan die onderkant van die huise, waar die stroom wyer is, is die gemeenskaplike wasplek. Aan albei kante van die stroom, op die skoon gras, lê wit linne en ander klere uitgestrek. Die vroumense was vasbeslote dat daar geen verskuiwing van hul industrie sou wees nie. Hul werkgewers moes skoon linne hê, asof daar geen Shantytown (informele nedersetting) was nie, hulle moes hul gesin (familie) se linne skoon hou, al was die hemelruim die enigste dak oor hul koppe.

In die middel van die nedersetting is die gemeenskaplike brandstofopgaarplek. Ja! Daar is genoeg steenkool en hout vir almal. Shantytown word reg (ordentlik) administreer...Soos een inwoner gesê het: "Ek sal eerder my eie plek hier hê, as 'n oorbevolkte kamer daar oorkant", verwysende na die plek waar hy gewoon het voordat hy na Shantytown verhuis het.

**Hierdie is 'n foto, wat in 1940 geneem is, wat die toestande in die informele nedersettings (Shantytown) uitbeeld.**



## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 WAAROM IS DIE VRYHEIDSMANIFES (1955) BESKOU AS DIE STEM (MENING) VAN DIE MENSE?

**BRON 5A**

Die volgende is verskeie verklarings wat deur Professor Z K Matthews en Hoofman Albert Luthuli tussen 1953 en 1955 gemaak is oor die doel van en die verteenwoordiging by die 'Congress of the People'.

**Verklaring 1**

In sy voorstel dat ’n Vryheidsmanifes opgestel moes word, het Professor Z K Matthews volgehou dat mense die reg het om oor hul eie sake te besluit:

'Ons is nie bereid om ’n agterste sitplek in te neem wanneer ons land se aangeleenthede bespreek word nie. Ons is vasbeslote om vry te wees.’

As ’n voorafaanduiding van die Manifes se aanhef, het hy gesê dat Suid-Afrika aan al sy inwoners behoort, en dat hulle moet deel hê aan die vorming van sy toekoms. Met verwysing na die 'Congress of the People', het hy bygevoeg:

'Ons wil ’n vergadering hê, waarheen gewone persone, gestuur deur hul mense, kom. Hul taak sal die opstel van ’n bloudruk vir die vrye Suid-Afrika van die toekoms wees.’

**Verklaring 2**

Om ’n Vryheidsmanifes op te stel, was oorsponklik Prof. ZK Matthews se idee. By die Kaapse Provinsiale Kongres in Augustus 1953, het hy voorgestel dat ’n ‘nasionale konvensie waar alle groepe verteenwoordig sou wees om ons nasionale probleme te oorweeg op ’n inklusiewe manier en ’n Vryheidsmanifes vir die demokratiese Suid-Afrika van die toekoms op te stel’.

**Verklaring 3**

Hoofman Luthuli het aan *Drum* (tydskrif) in ’n eksklusiewe onderhoud gesê: 'Die 'Congress of the People' is geheel-en-al ’n Kongres [ANC] idee, waarheen andere in ooreenstemming met ons beginsels genooi word.'

ANC President Albert Luthuli, in sy voorgelese boodskap aan die Congress [of the People], het onder andere gesê dat 'dit duidelik aan die argitekte van die Unie moes wees dat deur die meerderheid van die bevolking, die nie-blankes, uit die wentelbaan van demokrasie te sluit, valse grondslag vir die nuwe staat gelê en dat dit ’n bespotting van demokrasie is om so ’n staat demokraties te noem.’

**Verklaring 4**

Soos Albert Luthuli gesê het:

Waarom is die vergadering betekenisvol en uniek? Sy grootte, hoop ek, sal dit uniek maak. Bowenal, sy veelrassige karakter en sy edel doelstellings sal dit uniek maak, omdat dit die eerste keer in die geskiedenis van ons veelrassige nasie is waar sy mense uit alle lewensfere as gelykes, ongeag ras, kleur en geloof, ontmoet om ’n vryheidsmanifes vir die mense van die land te formuleer.

Kopiereg voorbehou Blaai asseblief om


**BRON 5B**

Die leesstuk beskryf watter afgevaardigdes die inwydingsvergadering van die 'Congress of the People' bygewoon het en die foto hieronder wys ’n deel van die skare by die vergadering.

As ’n reaksie op die voortdurende onderdrukking van die bevolking van Suid-Afrika, het die ANC ’n alliansie met die Suid-Afrikaanse Indiërkongres, die Suid-Afrikaanse 'Coloured People's Organisation', die veelrassige Vakbondunies en die wit 'Congress of Democrats' gevorm. Die opposisiepartye, d.i. die Verenigde Party en die Liberales, is uitgenooi, maar het nie geantwoord nie. Die Kerke is deur individue, vader Trevor Huddleston en eerw. Arthur Blaxall van die Anglikaanse kerk, en die eerw. D. C. Thompson, ’n Metodis, verteenwoordig.

In Junie 1955, ten spyte van polisieteistering, het die 'Congress' by Kliptown, naby Johannesburg, ontmoet. Net meer as 2 000 van die 3 000 afgevaardigdes was swart, met wittes, Kleurlinge en Indiërs wat in gelyke getalle die res van die verteenwoordigers uitgemaak het. Dit was die sogenaamde Kongres Alliansie.

Terwyl die skare in stilte geluister het, is die Vryheidsmanifes, wat deur die afgevaardigdes opgestel is, voorgelees.



Kopiereg voorbehou 

**BRON 5C**

Hierdie is 'n uittreksel uit die Vryheidsmanifes, aanvaar by die 'Congress of the People', Kliptown, Suid-Afrika in Junie 1955.

**VOORWOORD**

ONS, DIE MENSE VAN SUID-AFRIKA, VERKLAAR VIR DIE HELE LAND EN DIE WêRELD OM TE WEET:

dat Suid-Afrika aan almal wat daarin woon, swart en wit, behoort en dat geen regering geregverdig op heerskappy aanspraak kan maak as dit nie gebaseer is op die wil van die mense nie;

dat ons mense van hul geboortereg van grond, vryheid en vrede beroof is deur 'n vorm van regering wat op onregverdigheid en ongeregtigheid gebaseer was;

dat ons land nooit vooruitstrewend of vry sal wees totdat al ons mense in broederskap leef, en gelyke regte en geleenthede geniet;

dat slegs 'n demokratiese staat, gebaseer op die wil van die mense, aan almal hul geboortereg kan verseker sonder onderskeid van kleur, ras, geslag of geloof.

En daarom aanvaar ons, die mense van Suid-Afrika, swart en wit – gelykes, landsgenote en broers –die VRYHEIDSMANIFES. En ons belowe plegtig om saam te strewe, sonder om krag of moed te spaar, totdat die demokratiese veranderings soos hier uiteengesit, bereik is.

**BEGINSELS VAN DIE VRYHEIDSMANIFES**

- Die mense sal regeer;
- Alle nasionale groepe sal gelyke regte hê;
- Die mense sal deel hê aan die land se rykdom;
- Die land sal verdeel word onder dié wat dit bewerk;
- Almal sal gelyk wees voor die reg;
- Almal sal gelyke menseregte hê;
- Daar sal werk en sekuriteit wees;
- Die deure van leer en kultuur sal geopen word;
- Daar sal huise, veiligheid en gerief wees;
- Daar sal vrede en vriendskap wees.

ONS SAL VIR DIE VRYHEDE VEG, SY-AAN-SY, REGDEUR ONS LEWENS, TOTDAT ONS ONS VRYHEID GEKRY HET.


Kopiereg voorbehou

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 WAAROM IS GESPREKVOERING MET DR NELSON MANDELA AS 'N PRIORITEIT IN DIE 1980's BESKOU?

**BRON 6A**

Hierdie is 'n spotprent, geskets deur Abe Berry oor die druk wat op President PW Botha geplaas is om met Mandela, wat op daardie stadium (1989) reeds 25 jaar in die tronk was, gesprek te voer.




'n Groep wat deur die Statebond afgevaardig is om Suid-Afrika te besoek en Botha te oorreed tot gesprekvoering met Mandela


**GESPREKKE MET MANDELA**

**BRON 6B**

Hierdie is 'n uittreksel van Nelson Mandela se reaksie op PW Botha se aanbod van voorwaardelike vrylating in 1985.

Ek is 'n lid van die African National Congress. Ek was altyd 'n lid van die African National Congress en ek sal 'n lid van die African National Congress bly tot die dood toe...
Ek is verbaas deur die voorwaardes wat die regering op my wil plaas. Ek is nie 'n gewelddadige mens nie. Ek en my kollegas het in 1952 aan Malan geskryf om vir 'n tafelronde (konferensie) te vra om 'n oplossing vir die land se probleme te kry, maar die versoek is geïgnoreer. Toe Strijdom aan bewind was, het ons dieselfde aanbod gemaak. Dit is weer geïgnoreer. Toe Verwoerd aan bewind was het ons vir 'n nasionale konvensie, waar al die mense in Suid-Afrika oor hul toekoms kon besluit, gevra. Dit was toe, toe alle vorme van verset nie langer vir ons beskikbaar was nie, dat ons tot die gewapende stryd toegetree het. Laat Botha ons wys dat hy anders as Malan, Strijdom en Verwoerd is. Laat hom geweld afsweer. Laat hom sê dat hy apartheid gaan afbreek. Laat hom die mense se organisasie, die African National Congress, ontban. Laat hom almal wat gevange, verdryf of verban is as gevolg van hul opposisie teen apartheid, bevry.
Ek koester my vryheid, maar ek gee selfs meer om vir jul vryheid. Daar was te veel wat gesterf het sedert ek tronk toe gestuur is. Vele het gely uit liefde vir vryheid. Ek is dit aan hul weduwees, aan hul wesies, aan hul moeders en vaders wat oor hulle gerou en gehuil het, verskuldig. Ek was nie die enigste wat gedurende die lang, eensame en vermorste jare gely het nie. Ek is in die gevangenis as 'n verteenwoordiger van die mense en jou organisasie, die African National Congress, wat verban is. 'Watter vryheid word ek aangebied terwyl die organisasie van die mense steeds verban is? Watter vryheid word ek aangebied as ek vir 'n pas-oortreding arresteer kan word? Watter vryheid word ek aangebied om te lewe met my gesin, met my geliefde vrou, in ballingskap in Brandfort? Watter vryheid word ek aangebied as ek 'n stempel in my pas moet hê om werk te soek? Watter vryheid word ek aangebied as my einste Suid-Afrikaanse burgerskap nie gerespekteer word nie? "Slegs mense wat vry is, kan onderhandel." Gevangenes kan nie kontrakte sluit nie.

**Hierdie is 'n foto van Nelson Mandela en Walter Sisulu wat in die binnehof gesels as gevangenes gedurende 1966 op Robbeneiland.**



Kopiereg voorbehou
Blaai asseblief om

**6.2 WATTER IMPAK HET DIE SLUIPMOORD VAN CHRIS HANI OP DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK IN DIE 1990's GEHAD?**


**BRON 6C**

Hierdie is 'n uittreksel van 'n gebeeldsende toespraak van Nelson Mandela op 10 April 1993 na die dood van Chris Hani, voormalige hoof van *Umkhonto we Sizwe* en die sekretaris van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party. Mandela het die Suid-Afrikaners gevra om kalm te bly, want die land was feitlik op die rand van 'n burgeroorlog.

Vandag is 'n onvergeeflike misdaad gepleeg. Die berekende, koelbloedige moord van Chris Hani was nie net 'n misdaad teen 'n dierbare, geliefde seun uit ons bodem; dit is 'n misdaad teen al die mense van ons land. 'n Man van passie, van onoortreflike dapperheid, is neergevel in die fleur van sy lewe. Gedurende hierdie tyd het hy die saak van bevryding met lof gedien, die respek en liefde van miljoene in die land verdien. Sy dood eis dat ons die doel met selfs groter vasberadenheid navolg. Ons pleit by elke godsdienstige diens oor die Paasfees om Chris Hani se lewe en dit wat hy voor gestrewe het, moet herdenk. Die moorde moet stop.

Vanaand reik ek uit na elke Suid-Afrikaner, swart en wit, van elke Suid-Afrikaner, uit die diepste van my wese. 'n Wit man, vol van vooroordeel en haat, het na ons land gekom en 'n daad so gemeen gepleeg dat ons hele bevolking nou op die rand van 'n ramp verkeer. 'n Wit vrou, van Afrikaner-oorsprong, het haar lewe gewaag sodat ons die sluipmoordenaar kan identifiseer en voor die gereg kan daag,... Dit is nou die tyd vir Suid-Afrikaners om saam te staan teen diegene wat uit elke hoekie, die vryheid van ons almal, waarvoor Chris Hani sy lewe gegee het, wil vernietig.

**Hierdie is 'n foto van Chris Hani, die Opperbevelvoerder van *Umkhonto we Sizwe***



**BRON 6D**

Hierdie is ’n uittreksel van ’n *New Nation*-publikasie (16–22 April 1993). Dit is ’n onderhoud met Neville Alexander, voorsitter van die Werkers Organisasie vir Sosialistiese Aksie (WOSA) en ’n lid van die Azanian People's Organisation (AZAPO) wat geglo het dat die moord van Chris Hani ’n sameswering was tussen die regering en die regse vleuel om die onderhandelingsproses te ontspoor.

In die eerste plek dink ek dat die regering óf direk óf agteraf die sluipmoord van top amptenare van die bevrydingsbeweging aanmoedig. Die regering het geweldsdade teen politieke, vakverbond, gemeenskapsleiers vir dekades verdra. Daar is ’n voortslepende, sistematiese beleid om die invloedryke mense te elimineer. Die regse element is totaal gekant teen enige konsessies teen swart mense. Hulle sal vir enige persoon gaan wat invloed onder die swartes het en wat probeer om verandering in die land teweeg te bring. Hulle is nie bereid om selfs ’n geringe deel van die mag af te staan nie. Dit is ongetwyfeld waar dat die mense betrokke is in die geweld teen ons mense. Ek dink ons moet die ergste van die regses in die komende maande en jare verwag. Daar sal pogings wees om die onderhandelinge te destabiliseer en enige magsverdelingsooreenkoms te voorkom en sekerlik die magsoorname deur swartes te voorkom.

En dan is daar mense, of buite die regering, of naby daaraan, wat die hele bevrydingsbeweging en die ANC in besonder, veral omdat dit so ’n groot rolspeler is, wil verswak. Een van hul strategieë was om die beweging te verswak deur die sluipmoord van sleutel leiers en amptenare. Hul doel was ook om onsekerheid te veroorsaak in die geledere van die beweging deur propaganda te gebruik om te probeer om die leierskap teen mekaar af te speel, Winnie Mandela teenoor Nelson Mandela, Harry Gwala teen die hele nasionale leierskap.

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

ANC. n.d. *What Can I Do ? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
Beinart, W. 1994 *Twentieth Century South Africa* (Oxford: University Press)
Berry, A. 1989 *Act by Act – 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Johannesburg: Lowry)
BOPG. 1953 *Agter Tralies en Doringdraad* (Stellenbosch: Pro Ecclesia)
Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
Brickhill, J. 1991 *South Africa – The End of Apartheid?* (London: Aladdin)
Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
Cameron-Dow, J. 1994 *South Africa 1990-1994. The Miracle of a Freed Nation* (Cape Town: Don Nelson)
Danziger, C. *South African History 1910 – 1970.* (Cape Town: Oxford University Press)
Davenport, T.R.H. 1987 *South Africa: A Modern History* (Bergvlei: Southern Book Publishers)
Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self -Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
Kerfoot, C. (ed.) *We Came to Town* (Johannesburg: Ravan)
Lewsen, P. 1988 *Voices of Protest – From Segregation to Apartheid* (Johannesburg: A.D. Donker)
McMahon P. and E. Schulman. *X-Kit History HG and SG Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
Muller, C.F.J. (ed.) 1980 *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria: Academica)
Nasson, B. (ed) 2004 *Turning Points in History* (Johannesburg: STE Publishers)
New Nation publication (April 16 – April 22 1993).
Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
O'Donoghue, C. June 16, 1976: The Day that Shaped a Nation (*Marie Claire,* June 1998)
Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria; Sigma)
Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Suttner Raymond (n d) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)
The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)